
Berg-en-Dal

# Paaswaak en Aandnagmaal

## Donderdag, 6 April 2023




*(grafika: The Catholic Toolbox)*

**"Daar was 'n man uit die geledere van die Fariseërs met die naam Nikodemus, 'n leier van die Jode. Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: 'Rabbi, ons weet dat u 'n leermeester is wat van God gekom het... Hoe kan 'n mens weer gebore word as hy reeds oud is? ... Hoe kan hierdie dinge gebeur?'**
**Jesus antwoord hom: 'Amen, amen, Ek sê vir jou... so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. God het immers nie sy Seun na die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom verlos kan word."**

(Johannes 3:1-2, 4, 9 en 16-17)

**"En <u>dit is die ewige lewe: Dat hulle U ken</u>,**
**die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het – Jesus Christus."**

(Johannes 17:3)

Ons verwelkom u by ons diens vanaand.
Die diens volg die liturgie soos hierna uiteengesit – geen aankondigings dus.
Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke, sou u een benodig – u kan vooraf reeds die Skrifgedeeltes uit die Johannes-evangelie en liedere opsoek.
MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT U SELFOON STIL GESTEL IS.

## Weer onthou ons... die lyding, kruisiging en opstanding van Christus

Reeds vroeg in die geskiedenis van die Christelike Kerk was die jaarlikse herdenking van die lyding, kruisiging en opstanding van Jesus Christus vir gelowiges 'n tyd van self-ondersoek, verootmoediging en verdieping. Vanjaar het ons in Lydenstyd die sogenaamde "Kruiswoorde van Jesus" gelees en oordink; eintlik kruisgebede, wat ons insluit, het ons ontdek. En nou is dit asof in die onthou van gebeure daardie laaste week in Jerusalem, ons weer terugkeer na die hart van ons geloofsbelydenis: Dat God uit sy groot liefde, sy Seun gestuur het na 'n mensdom in nood (Johannes 3:16); 'n lydensweg, 'n kruisweg, wat uiteindelik sou blyk die weg na opstanding en lewe sou wees; 'n herstel van die verhouding met God. Dit bly 'n grootse misterie – in die 2$^{e}$ eeu het **Melito, die biskop van Sardis** dit byna poëties beskryf:

*"Verstaan daarom, geliefdes, hoe dit is: nuut, en oud; ewig en tydelik; sterflik en onsterflik; hierdie misterie van die Pasga. Oud volgens die Wet, maar nuut volgens die Woord. Tydelik volgens vorm, ewig weens genade. Verganklik as geslagte lam, onverganklik as die Lewende Heer. Sterflik in 'n aardse graf, onsterflik in die opstanding uit die dood."*

As daar iemand was wat deur dié misterie aangespreek is, dan was dit die gesiene Fariseër en lid van die Joodse Raad, Nikodemus. Ten minste drie keer – volgens die Johannes-evangelie – het Jesus die tempel in Jerusalem vir een van die groot feeste besoek, en al drie kere word die naam van Nikodemus genoem (Johannes 3:1, 7:50 en 19:39)! Blykbaar het Jesus se woorde oor hierdie misterie van sterwe en hergeboorte, lewe en lig Nikodemus van die eerste gesprek af getref en geïnspireer:

*"Die wind waai waar hy wil en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waarvandaan hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is..."*
(Johannes 3:8).

Vanaand kom dié woorde na óns by die aanvang van hierdie drie dae, die **Paastriduum**: **Witte Donderdag**, die dag van voorbereiding en reiniging vóór die fees en van die Laaste Avondmaal (Joh. 13-17); daardie nag Jesus se gevangeneming in die Tuin van Getsemané (Joh. 18). **Goeie Vrydag**, die verhoor deur die Joodse Raad en Pilatus, die kruisiging op Golgota, laatmiddag die kruisafneming en begrafnis (Joh. 19). **Stille Saterdag**, dag van rus en rou, maar iewers daardie nag, die deurbreek van lig! En dan **Sondag**: Verbasing oor Sy opstanding (Joh. 20)! Saam met Christene wêreldwyd begin ons vanaand met 'n liturgie wat sal deurloop tot Sondagoggend wanneer ons feestelik afsluit. 'n Liturgie waarin ons diepste vrae en verlange na God opgeneem word; waardeur ons sáám sal kan bid en waartydens ons voor ons oë die brood gebreek en die beker geskink sal sien; met ons eie ore die doopbelofte sal hoor as versekering en troos in ons verlange:

*"En dit is die ewige lewe: Dat hulle U ken, die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het – Jesus Christus."*
(Johannes 17:3).

**Orrel & Viool:** "Abendlied" (J Rheinberger: Opus 150 – 2)
Solis: Paul Loeb van Zuilenburg (jr)

## AANBIDDING

**Geleentheid vir stilgebed**

**Wydingslied:** "Heilig, heilig, heilig" (Lied 171:1 en 2 - sittend)

**Votumgebed:**
(uit Psalm 103)

Liturg: "Loof die Here, o my siel,
ja alles wat in my is,
loof sy heilige Naam!"

Gemeente: "Hy wat al my sondeskuld vergewe,
wat al my siekte genees,
wat my lewe vrykoop van die graf,
wat my kroon met troue liefde en ontferming!"

Liturg: "Barmhartig en genadig is die Here,
geduldig en oorvloedig in troue liefde.
So hoog as wat die hemel bo die aarde is,
so troon sy troue liefde uit bo dié wat vir Hom ontsag het."

Gemeente: "Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders,
so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.
Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons."

**Seëngroet**

**Loflied:** "Grote God, ons bring U eer" (Lied 191:1, 2 en 3 - staande)

## HERINNERING

**Voorlesing:** "Vroegherfs" (NP van Wyk Louw)

Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rook-vaal bos en laan,
dat die takke van die lang populiere al
teen elke ligte môre witter staan.

O Heer, laat hierdie dae heilig word:
laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug, en vér was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

**Uitdoof van die eerste kers**

**Eerste Skriflesing:** Johannes 2:13-21

**Lied:** "Heer Jesus klein" (Lied 375:1)

**Tweede Skriflesing:** Johannes 3:1-10 en 16-17

**Lied:** "Want so lief het God die wêreld gehad" (Lied 329)

**Derde Skriflesing:** Johannes 7:1-2, 11-16, 32, 37-38 en 45-53

**Lied:** "Heer Jesus klein" (Lied 375:2 en 3)

**Vierde Skriflesing:** Johannes 13:1, 3-5 en 12-15
Johannes 14:1-7
Johannes 17:1-5

**Lied:** "Want so lief het God die wêreld gehad" (Lied 329)

**Vyfde Skriflesing:** Johannes 19:38-42

**Lied:** "Heer Jesus klein" (Lied 375:4)

**Uitdoof van die tweede kers**

## VERKONDIGING

**Gebed om die opening van die Woord**

**Skriflesing:** Johannes 3:16, 14:6-7 en 17:3

*"En dit is die ewige lewe: Dat hulle U ken, die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het – Jesus Christus."*
(Johannes 17:3)

**Oordenking**

**Antwoord namens Gemeente:** "Domine Deus" – Solis: Mathildie Thom-Wium
(Uit: "Gloria", A Vivaldi)

## VIERING

**Tafel word in gereedheid gebring & ouderlinge en lidmate kom sit aan**

**Herinnering aan die betekenis van die Nagmaal –**

**Liturg:** Geliefdes in die Here, Jesus het self die nagmaal ingestel...
As verbondsmaaltyd het die Nagmaal die volgende betekenis:

**Gemeente:** Die nagmaal is 'n gedagtenismaaltyd. (<u>almal lees hardop)</u>

**Liturg:** By die instelling daarvan, het Jesus gesê: *"Gebruik dit tot my gedagtenis"* (Luk. 22:19). In die nagmaal oordink en verkondig ons die dood van die Here. By die aanskouing van brood en wyn roep die gemeente haar die lydensweg van Jesus Christus voor die gees: Hoe Hy sy lewe gegee het; hoe Hy soos 'n koringkorrel in die grond geval en gesterf het; hoe Hy die lydensbeker gedrink en van God verlate was en uitgeroep het: *"My God, my God, waarom het U my verlaat?"* (Mark. 15:34), sodat ons nooit deur God verlaat sal word.

**Gemeente:** Lied 303 (Afrikaans)

**Gemeente:** Die nagmaal is 'n waarborg. (<u>lees hardop)</u>

**Liturg:** Jesus het gesê: *"Dit is my liggaam"* en *"Dit is my bloed"* (Mat. 26:26,28). So seker as vir elkeen hierdie brood voor sy/haar oë gebreek word en hierdie beker aan hom/haar gegee word en ons dit met die mond eet en drink, só seker het ons deel aan Christus, aan sy sterwe en opstanding – asof ons sélf voor God gestaan het en die straf vir ons sonde gedra het. Hierdie sekerheid is nie gegrond op ons gevoelens nie, maar op die tekens uit die hand van die Here self.

**Gemeente:** Lied 303 (Engels)

**Gemeente:** Die nagmaal is 'n viering van ons gemeenskap met die Here en mekaar. (<u>lees hardop)</u>

**Liturg:** Deur sy Gees is die lewende Christus in die nagmaal by ons teen-woordig sodat ons in gemeenskap met God kan leef. Deur dieselfde Gees word ons ook weer as lidmate van een liggaam, in liefde saam verbind, soos Paulus sê: *"Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam één liggaam, want ons het almal deel aan die brood"* (1 Kor. 10:17).

**Gemeente:** Lied 303 (Afrikaans)

**Gemeente:** Die nagmaal is 'n verkondiging van ons toekomsverwagting.
(<u>lees hardop)</u>

**Liturg:** Deur die nagmaal strek ons ons uit na die dag wanneer Christus in heerlikheid sal verskyn en alles tot volheid sal bring, die dag wanneer Hy hemel en aarde nuut sal maak, sodat geregtigheid daarin kan woon, en "God alles vir almal" kan wees. In die nagmaal verlang die bruid van Christus na die bruilofsmaal van die Lam.

**Gemeente:** Lied 303 (Engels)

**Gemeente:** Die nagmaal is 'n vreugdefees. (lees hardop)

**Liturg:** Al spreek die tekens van die lyding en sterwe van Jesus en al vier ons dit met gewyde erns, is dit 'n fees waar die Heiland op 'n besondere manier die vrugte van sy lyding, sterwe en opstanding uitdeel. In die nagmaal smaak ons nou al van die vreugde wat vir ons wag by die bruilofsmaal van die Lam.

**Gemeente:** Lied 303 (Afrikaans)

**Gemeente:** Die nagmaal is 'n fees van dankbaarheid. (lees hardop)

**Liturg:** Die Heilige Gees verseker ons deur die tekens van brood en wyn, van die genade wat ons in Christus ontvang. Hier, by die tafel, dank ons Hom met ons hele wese en gaan ons nou dankbaar ons lewe opnuut aan Hom wy. Ons juig saam met die Kerk van alle eeue en oorde:

**Geloofsbelydenis van Nicea** (staande en hardop saam):

"Ons glo in **een God, die almagtige Vader**,
die Skepper van die hemel en die aarde,
en van alle sienlike en onsienlike dinge;

en in **een Heer, Jesus Christus**,
die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye;
God uit God,
Lig uit Lig,
Waaragtige God uit waaragtige God, verwek, nie gemaak nie,
Een in wese met die Vader;
deur Wie alle dinge ontstaan het;
wat ter wille van ons, die mense, en ter wille van ons saligheid
neergedaal het uit die hemel,
vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria,
en mens geword het, wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus,
gely het en begrawe is;
en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte;
wat opgevaar het na die hemel, en wat sit aan die regterhand van die Vader;
wat weer sal kom met heerlikheid
om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het,
wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie;

en in die **Heilige Gees**, die Heer en Lewendmaker,
wat van die Vader en die Seun uitgaan,
wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word,
wat gespreek het deur die heilige profete.
Ons glo aan een, heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels.
Ons bely een doop tot vergifnis van sondes;
ons verwag die opstanding van die ontslapenes,
en die lewe van die toekomstige eeu."

**Tafelgebed**

**Bediening van die brood en wyn**
(beide tekens word nou uitgedeel; ons wag tot almal daarvan ontvang het – ook die diakens – en gebruik dit dan tegelyk ná die instellingswoorde; elkeen neem van die brood, maar u kan ook een stuk neem en wanneer dit ingestel word, dit kleiner breek en met die persoon langs u deel)

**Instelling van die Nagmaal**

**Geleentheid vir 'n stilgebed...**

**Dankgebed namens Gemeente:** "Eternal Source of Light Divine" (GF Handel)
Solis: Mathildie Thom-Wium

## HERINNERING

**Uitdoof van die derde kers**

**Skriflesing:** Johannes 18:1-8 en 10-13

**Uitdoof van die vierde kers**

**Skriflesing:** Johannes 18:19-24

**Uitdoof van die vyfde kers**

**Skriflesing:** Johannes 18:15-18 en 25-27

**Lied:** "Want so lief het God die wêreld gehad" (Lied 329)

**Uitdoof van die sesde kers**

**Skriflesing:** Johannes 18:28

**Voorlesing:** "Middernag" (Olga Kirsch: 'Mure van die Hart', 1984)

Gooi oop die voordeur, wag gespanne, want
nou sal die stille engel binnekom:
hy sal sy lippe natmaak aan die rand
van die wynkelk wat ootmoedig wag op hom.

Voel jy die eeue wegvloei tot jy weer
te midde van die ongesuurde brood
en donkervonkelende wyn kan keer
tot daardie eerste redding uit die nood?

Soos 'n kind verskuil lê in die moederskoot,
heimlik behoed en liefderyk omring,
rus ons in die onuitroeilikheid van God
waar alle poorte dig is teen die dood.

Dit is die boodskap wat die engel bring
met middernag... Stoot sag die deur op slot.

## AANBIDDING

**Geleentheid vir stilgebed**

**Uitdoof van die sewende kers – die middelste kers – die Christuskers.**

**Naspel**
(ná die vioolspel verlaat ons die kerkgebou in stilte)

**PASE 2023**

As leraars en kerkraad wens ons u almal 'n geseënde Paasnaweek toe en nooi u ook na die volgende byeenkomste en eredienste:

| | |
|---|---|
| 7/4, Goeie Vrydag – 09:00 | Erediens: Lukas 23:46<br>(Diens van die Woord: Die Sewende Kruisgebed) |
| 9/4, Paassondag – 09:30 | Opstandingsdiens en Doop: Johannes 20:17<br>(Diens van Woord tot versekering en versterking) |